SA Akademie vir Wetenskap en Kuns

Beursinligting

Naam en van: Okert Petrus Jakobus (Okkie) Stander

Universiteit: Universiteit Stellenbosch

Meesters: | **Doktoraal:** √ | **Postdok:**

Studierigting: GESKIEDENIS

Titel van proefskrif of Verhandeling: Die voorkoms van wit armoede in Oudtshoorn tussen 1914 en 1937

Datum van afhandeling: Des 2017 **Uitslag:** Slaag

Gee asseblief 'n kort opsomming (500 woorde) van u studie en ook die uitkomste van u studie wat die Akademie op hul webblad kan plaas.

Alhoewel die geskiedenis van wit armoede reeds geredelik deur die Suid-Afrikaanse historiografie ondersoek is, is verbasend min in streeksverband daaroor gedoen.

In die studie oor wit armoede in Oudtshoorn en omgewing is die historiese, omgewings, sowel as sosio-ekonomiese faktore ondersoek. Emosionele kwessies, soos die vernederende minderwaardigheidsgevoel en klasseverskille wat dit ten opsigte van onderwys en die kerk meegebring het, is belig. Daarby is staatsingrepe op die terrein van onderwys, bosbou, spoorweë, besproeiing en landbou ten opsigte van armoedeverligting ontleed. Ook die besonderse gekontroleerde en gestruktureerde wyse waarop die kerk, as bron van hulp tot oorlewing, armes se materiële nood aangespreek het, is aan die lig gebring. In samewerking met die staat het die kerk maatskaplike probleme soos onderwysopheffing kon aanspreek.